NUUSBRIEF

# MÔRESONNER

## Ietsie van als




## TOP NUUS DIE MAAND




### VERLIGTING NA DIE VLOEDE

Deur Cherise de Wet

Oktober maand was propvol pret, maar ook met baie uitdagings na al die vloede.  Met groot nederigheid is daar kospakkies uitgedeel aan elke huishouding. Gift of the Givers het later die maand hul harte en beursies oopgemaak en vragte vol wortels, spinasie, sanitêre ware & babadoeke is uitgedeel.





# NUUS UIT DIE PAKSTOOR

## ‘N JAAR IN OORSIG

Ons pak-seisoen het met ‘n feestelike afsluiting tot ‘n einde gekom. Dit was ‘n opwindende jaar waarin ons 23,854 bins getip en 415,010 kartonne gepak het wat lokaal en internasionaal versprei is. Van die 6870 palette wat uitgelaai is, is dit versprei na Afrika en Oosterlike lande soos China, Indië en Indonesië tot Europese lande soos Rusland en die Vereenigde Koningkryk.

Gedurende die 1426 ure en 158 dae wat die pakstoor geloop het, het Elmarie as ons sterpakker die jaar afgesluit sonder enige dae afwesig.

Ons sien uit na daarna om die komende seisoen met net soveel vreugde en volharding aan te pak soos ons hierdie seisoen afgesluit het.

## STERPAKKER VAN DIE JAAR



ELMARIE

## BONUS STELSEL HERSIEN

Deur Janene Meiring

In die verlede het tydelike personeellede, soos sorteerders en pakmateriaal personeel, nie enige vorm van ‘n bonus ontvang nie. Daar is egter vanaf Julie 2023 ‘n nuwe stelsel in plek gestel om dit vir almal moontlik te maak om ‘n bonus te verdien. Palitisers kry bv 50 sent per pallet gepak. Ons glo dat elke personeellid bydra tot die uitset van elke dag.





# PRODUKSIE: DIE SEISOEN HET BEGIN!

## 'N JAAR IN OORSIG

Deur Morne Meiring

Môreson het 'n besonderse winter beleef ten opsigte van winterkoue en reënval. Ons winterkoue akkumulasie is bogemiddeld teenoor ander jare wat 'n positiewe rusbreek tot gevolg gehad het.

Die jaar 2023 sal vir lank nog as die baie nat jaar beskryf word. Ons huidige jaarlikse reënval totaal is op 1471 mm in vergelyking met verlede jaar se totaal van 641 mm. Die plaasdamme is almal vol vir die nuwe seisoen wat voorlê. Daar is groot dankbaarheid dat Môreson in vergelyking met plase in die omgewing geen noemenswaardige skade opgedoen het tydens die vloede einde September.

## DIE JAAR VORENTOE

Die wintersnoei seisoen is agter die rug en ons het sopas net klaar geblom in die boorde. Die lente tot dusver was meer van kommer en het nie sy kant gebring met mooi sonnige sonskyndae vir bestuiwing nie. Die koel en nat bestuiwings weer kan swak set tot gevolg hê, maar is nogsteeds optimisties vir die seisoen. Die bye vir bestuiwing was van goeie gehalte met sterk swerms en het goed gereageer wanneer dit warm was.

Die chemies en onkruid beheer van die boorde is tans proriteit in die kritieke ontwikkelingstyd van die jong vrugte. Kalanderbande is mooi in tyd afgehandel en ons paringsontwrigting is in plek. Monitering van boorde het reeds begin vir die nuwe seisoen.

Die Pakstoor-personeel help met baie vroeë afdunning van vrugte op die nie-draende bome, sowel as die bestuur van die oorgeënte jongboom-blokke. Die uitdun-seisoen het sopas begin en die fokus is eerstens om al die variteite wat swaar set sowel as jong produserende boorde se vrugladings so gou moontlik te bestuur.

Die seisoen is mooi oppad en ons is opgewonde vir die nuwe oes wat kom. Hoewel die jaar hardloop teen 'n tempo, is produksie positief dat die oes gaan mooi wees. Ons moraal is hoog en die personeel funksioneer goed.

Baie dankie vir ons span wat so mooi en lekker saamwerk. Ons Camino opleiding dra vrugte en is merkbaar.
Sterkte vir almal vir die laaste gedeelte van die jaar wat voorlê.

**"DIE SIESOEN IS MOOI OPPAD EN ONS IS OPGEWONDE VIR DIE NUWE OES WAT KOM" -MORNE MEIRING**

# CRECHE: ONS NUWE GENERASIE

## NUWE VERWIKKELINGE

Deur Carla Carstens

Daar het onlangs baie opwindinge verwikkelinge plaasgevind by die creche. Daar het ‘n nuwe lid by die span aangesluit wat nuwe energie en idees saamgebring het.

Een van die opwindenste nuwe verandering wat plaasgevind het, is dat die kinders nou elke dag ‘n gebalanseerde maaltyd kry. Die kinders geniet dit vreeslik!

Ons het ook ‘n leerprogram bekendgestel met ‘n twee-weeklikse tema. Hierdie maand het ons geleer van Goggas en Seediere. Toets bietjie die Creche leerders se kennis en vra hulle hoeveel bene het ‘n Seester!

Daar is hierdie maand bietjie ekstra fokus geplaas op fyn motoriese ontwikkeling. Dit sluit baie kleispel, punt-tot-punt aktiwiteite en sensoriese kunswerke in.

## ONTMOET VIR CARLA CARSTENS:

**Lorem ipsum dolor sit amet, consectetur adipiscing elit. In neque nunc, molestie eu semper id, auctor quis metus. Maecenas mattis metus sapien, vitae ultricies nunc ornare vitae.**

## SOIL NUTRIENTS

Lorem ipsum dolor sit amet, consectetur adipiscing elit. In neque nunc, molestie eu semper id, auctor quis metus. Maecenas mattis metus sapien, vitae ultricies nunc ornare vitae. Praesent mollis nisl magna, ac dictum massa scelerisque at. Sed laoreet ligula vitae justo luctus, vel iaculis leo scelerisque. Donec ullamcorper, lorem vitae posuere consectetur, leo ex vulputate ipsum, nec faucibus arcu velit at odio. Duis ut pellentesque lectus.









# MÔRESONNER VAN DIE MAAND:



## ONTMOET VIR JOSEPH

**Volle Naam & Van:** Joseph Marius Titus
**Hoe lank is jy al by Môreson?:** 24jaar en voor dit 9jaar (33jaar in totaal)
**Postitel:** Depot Bestuurder
**Gunsteling Kos:** Kerrie en Rys en Krummelpap
**Stokperdjie:** Huis skoonmaak, veral vloere polish
**Droom vir Môreson:** Gelyke Kanse, dieselfde behandeling. Ons is op die regte pad!
**Wyse woorde vir die volgende generasie:** Gee jou alles en jy sal alles kry
**Oorsig van die jaar:** Dit was bedruk aan die begin, maar na die einde toe het dit makliker geword. Johann het 'n groot aandeel gehad, ek het baie geleer by hom. Die mense onder my geniet dit nou om saam met my te werk. Camino het baie beteken en ek as mens het baie verander.

## BELANGRIKE DATUMS:

**07 November 2023 - Camino Werkswinkel**
**09 November 2023 - Uitdun Video Opname**
**11 November 2023 - Plaas Stap**
**25 November 2023 - Plaas Stap**

## VERJAARSDAE:

**01 November - Elton Apollis**
**07 November - Clinic Xolweni**
**08 November - Jonathan Theunis**
**09 November - Esmerelda Job**
**10 November - Jo-Anne Andrews**
**15 November - Zinikele Lomane**
**22 November - Ilse-Marie Titus**
**28 November - Shineen Apollis**

## NOTA VAN DIE CEO:

Welkom by ons eerste nuusbrief! Die doel van hierdie nuusbrief is om almal ingelig te hou oor wat gebeur op die plaas en sy mense.

Wat 'n interessante jaar sover! Ons het lekker gees gebou met die oploop na die wêreldbeker met Bok-Vrydae en die Springbokke het sowaar as wêreldkampioene getriomfeer!

Daar het 'n paar nuwe mense by ons Senior-span aangesluit deur die loop van die jaar.
Morné as plaasbestuurder
Marius as pakstoorbestuurder & Cherise as Pakstoor HR.

Ons het 'n nuwe personeellid by die Creche ook, welkom Carla! Ons sien reeds die goeie vordering en jou positiewe bydra.

Die pakstoor is klaar gepak & die span is besig met die instandhouding en verbeterings vir die nuwe seisoen.

Produksie is klaar gesnoei en het nou met die uitdun begin.

Ons het 2 maande oor van hierdie jaar. Kom ons werk lekker hard en bou voort op dit wat ons reeds reggekry het tot nou toe. Dit is 'n voorreg om saam met elkeen van julle te werk. Baie dankie vir alles wat julle insit van die pakstoor tot produksie tot die creche!

Tot volgende maand,
Jannie de Wet
CEO